

Vrydag 3 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 6
Fokusgedeelte: Psalm 6

Ek is kragteloos ... en gryp aan die Here vas!

Jy is kragteloos, vuisvoos. Iemand sê: Ruk jou reg! Regtig? Moet ek as mens my situasie verander?

Dawid sing met basstem ... worstel met die donker, swaar, seer in die lewe. Here, ek kwyn weg, ek is gedaan. Hoe lank nog, Here ...? Ek voel asof ek wil sterf. Ek is moeg gesug. Ek huil tot diep in die nag. My oë is dof. Ek het geen krag meer nie, so anders as Moses, selfs toe hy óud was (Deut. 34:7). En dit alles omdat my teëstanders vir my sê: Help jouself, sorg vir jouself, red jouself!

Juis daarom is Dawid se heel eerste woord in die Psalm: Here ... Verbondshere, Vader van ons Here Jesus! Ja, selfs al dink hy dat die Here dalk kwaad mag wees, gryp hy vas aan die Here wat mens nie in die steek laat nie. Here, ontferm U oor my, wees sag en genadig met my. Herstel my, maak my weer heel. Keer terug na my, o Here. Red my uit die gevaar. Haal my uit die donker gat waarin ek is. Ja, Here, help U my tog. Ek kan nié. Maar U kán!

Hoekom U, Here? Want U is getrou, lojaal in u liefde. Het ons Here Jesus nie huis gewys hoe sterk U liefde brand nie? En u moet geloof en aanbid word – wat ek net kan doen as ek leef. U is tog die Here wat help. U is tog die Here wat u teëstanders oorwin. Het ons Here Jesus dan nie die dood oorwin nie?

Ja, Here, U is wat U is. Daarom is dit huis u Gees wat my altyd weer aan U herinner, aan U laat vasgryp. Ek wil, kan en gaan nie myself probeer help nie, Here. Ek is kragteloos. Maar aan U gryp ek vas!

Sing: Psalm 91:1, 2, 8

Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg, Mpumalanga)